

## JAARVERSLAG 2004

### DIE INSTITUSIONELE FORUM

Die Institusionele Forum (IF) is 'n adviesliggaam wat, ingevolge artikel 31(1) van die Wet op Hoër Onderwys (Wet 101 van 1997), die Universiteitsraad van advies dien oor beleidsaangeleenthede, met inbegrip van die uitvoering van die bepalings van vermelde wet en die nasionale beleid op hoër onderwys.

Die bedrywighede van die IF word hoofsaaklik deur sy drie taakgroepe – die taakgroepe vir Diversiteit en Billikheid, vir Institusionele Beplanning en vir Institusionele Kultuur – gekanaliseer. Die taakgroepe word, wanneer nodig, deur *ad hoc*-groepe aangevul. Taakgroepe het die opdrag om sake wat aan hulle toegewys is indringend te ondersoek. Hulle moet dan aan die IF daarvoor verslag doen en hulle adviseer, sodat weldeurdagte advies aan die Raad gegee kan word.

#### **Samestelling**

Die Institusionele Forum bestaan uit 28 lede, sewe uit elk van vier sektore wat soos volg saamgestel is:

*Bestuur-en-beheersektor:* Twee lede van die Raad verkies deur die Raad, drie lede van die Senaat verkies deur die Senaat, een lid van die Bestuur aangewys deur die Bestuur, en die Registrateur of 'n persoon wat deur die Registrateur aangewys word.

*Personeelsektor:* Twee lede uit eie geledere verkies deur die permanente nie-professorale akademiese personeel, een lid uit eie geledere aangewys deur die akademiese ondersteuningsdienste, twee lede uit eie geledere verkies deur erkende vakbonde, en twee lede uit eie geledere verkies deur administratiewe ondersteuningsdienste.

*Studentesektor:* Twee lede van die Studenteraad verkies deur die Studenteraad, twee lede van die Primkomitee aangewys deur die Primkomitee, een lid aangewys deur die studenteverenigings, en twee lede van die Akademiese Belangeraad aangewys deur die Akademiese Belangeraad.

*Gemeenskapsektor:* Twee lede van die konvokasie aangewys deur die president van die konvokasie, en vyf persone uit eie geledere aangewys deur verteenwoordigende liggame van die burgerlike samelewing.

## **Werkzaamhede**

### *Algemeen*

Die IF het gedurende 2004 voortgebou op die proses om hulle werkswyse te sistematiseer. Enkele haakplekke, veral in die skakeling met die Universiteitsbestuur, kom nog voor, maar dit sal in 2005 uitgestryk word. Die verwagting is dat hierdie proses gedurende 2005 gefinaliseer sal word en dat die IF se posisie as forum wat die Universiteitsraad van advies dien, dan behoorlik gevestig sal wees.

In die 2004-verslagjaar het die IF oor verskeie aspekte advies in die vorm van formele rapporte aan die Universiteitsraad gelewer.

### *Die US se beleid oor persone met gestremdhede*

Die IF was bly dat hy tot so 'n belangrike dokument kon bydra. Enkele wysigings is voorgestel, waarvan die Raad kennis geneem het, en die nodige verstellings is aan die finale weergawe van die beleid aangebring.

### *Koshuisplasingbeleid*

Hoewel daar weens verskeie administratiewe redes nie in 2004 oor die Koshuisplasingbeleid self kommentaar gelewer is nie, is daar wel 'n mededeling aan die Raad gestuur waarin die IF sy kommer oor sekere aspekte van die beleid uitgespreek het.

### *Die US se beleid rakende gemeenskapsinteraksie*

Die algemene indruk was dat dele van hierdie dokument vaag voorkom. Die IF het in gesprek getree met die Raad oor die adviespunte van die IF wat nie deur die Raad aanvaar is nie. Die kernaspek daarvan was die IF se voorstel dat die wye spektrum van gemeenskapsinteraksies in minstens twee hiërargiese vlakke gekategoriseer behoort te word.

### *Heraanstelling van die Viserektor (Bedryf)*

Volgens die reglement rakende die aanstel van 'n visekanselier en viserektore moes die IF sy stem uitbring oor prosedurele aspekte en die heraanstelbaarheid van die huidige Viserektor (Bedryf). Aan hierdie versoek is voldoen.

### *Die US se beleid insake die ontginning van intellektuele eiendom*

Die voorgestelde beleid is indringend bespreek en is as goed beredeneerd en goed opgestel ervaar. Kommer is egter uitgespreek dat die beleid nie in oop gesprekke in al die fakulteite bespreek is nie. Verskeie wysigings is voorgestel, waarvan sommige deur die Raad aanvaar is.

### **Ten slotte**

Die IF het in 2004 voortgebou op die idee dat die liggaam nie vir vinnige kritieklose goedkeuring aangewend moet word nie, maar eerder beskou moet word as 'n forum waar sake deeglik bespreek kan word. Om dié doel te bereik is dit nodig dat sake tydig na die IF verwys word sodat interne werkswyses, gegrond op vooraf opgestelde tydskedules, gehandhaaf kan word. Voor elke IF-vergadering word hierdie en ander sake dan ook met die Universiteitsbestuur bespreek. Daar word ook een maal per jaar regstreeks met die uitvoerende komitee van die Universiteitsraad in gesprek getree oor administratiewe en ander aangeleenthede.

In die geheel neem die IF aktief deel aan besprekings rondom al die kwessies wat die US raak en bly die uitnodiging staan dat enigiemand gerus sake wat met beleid, kultuur of beplanning aan die Universiteit te doen het, vir bespreking onder die IF se aandag kan bring.

Die IF is tevrede dat hy in 2004 sinvol tot die werksaamhede van die Universiteit bygedra het, veral gemeet aan die positiewe reaksie van die Raad oor etlike aspekte van sy advies aan die Raad.

### **Mnr Le Roux Burrows**

*Voorsitter*